

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20241104-7992

Kurrikulum VOO-minuut: 0008/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Voorgeskrewe letterkunde vir Oktober/November 2025 tot Mei/Junie 2027 se graad 12-eksamens

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief E11 van 2024, gedateer 28 Oktober 2024 (as **Bylae A** aangeheg), uitgereik. Dit het betrekking op die voorgeskrewe letterkunde vir alle amptelike Huistale (HT), Eerste Addisionele Tale (EAT) en Tweede Addisionele Tale (TAT), vir die graad 12-eksamens van Oktober/November 2025 tot Mei/Junie 2027.
2. In Omsendbrief E8 van 2022, gedateer 04 Junie 2022 (as **Bylae B** aangeheg), het die DBO nuwe gedigte en kortverhale vir die graad 12-eksamens vir Oktober/November 2023 tot Mei/Junie 2025 bekendgestel. Hierdie omsendbrief het ook aangedui dat geen nuwe dramas, romans en folklore in 2023 bekendgestel is nie.
3. Die voorgeskrewe poësie en kortverhale, soos gelys in Omsendbrief E8 van 2022, asook die dramas, romans en folklore, soos gelys in Omsendbrief E19 van 2018, gedateer 12 Julie 2018 (**Bylae C**), vir alle Huistale, Eerste Addisionele Tale en Tweede Addisionele Tale vir Oktober/November 2025 tot Mei/Junie 2027 se graad 12-eksamens, sal dieselfde voorgeskrewe werke wees as vir Oktober/November 2024 tot Mei/Junie 2025 se graad 12-eksamens.
4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle inrigtings en kandidate wat die graad 12-eksamens van November 2025 tot Junie 2027 aanbied.

GETEKEN: BJ LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-11-07